

Tema: Die geboorte en groei van gemeente van Christus

Voorlesing: Handeling 11:19-30

Handeling 11:19-30 vertel die verhaal van wat ons kan noem “die siklus van geboorte en groei van gemeente”. Dit bring ons onder die indruk van **hoe die Heilige Gees** in sy vrymag **die verspreiding van die Evangelie gebruik** om hierdie wonder te verrig.

Dit was van die begin die Here se plan **dat mense (gelowiges) die werktuie sal wees** en ons sien dit duidelik hier in wat hulle doen:

Hulle het daarvoor “gesels” (v 19)

Dit is die eerste en spontane voorbereiding van die akker. Meestal sal mens eers met jou eie mense (familie, volksgenote) gewoon praat oor die Here.

Hulle het Hom “verkondig” (v 20)

Dit is soos proklamasie. Mense word gestel voor die feit dat Jesus die Koning is wat deur God op die troon geplaas is. Hulle word geroep om te glo en hulle tot Hom te bekeer. Nie almal sal dit doen nie, baie sal wel.

Hy het hulle “aangespoor” (v 23)

Hier sien ons die opvolgwerk van die Heilige Gees. Ons maak fout as ons dink dat mense sal bly glo as hulle tot bekering gekom het. Almal het nodig om bygestaan te word en gehelp te word om “*met hart en siel aan die Here getrou te bly.*”

Hulle het baie mense “onderrig” (v 26)

Hier sien ons hoe die Heilige Gees voortgaan om die gemeente op te bou met die regte kennis van die Evangelie. Die feit dat Paulus en Barnabas dit “*’n hele jaar lank saam*” gedoen het laat mens dink aan iets soos “bybelskool”.

Hy het “voorspel” (v 28)

Die gemeente word nou besoek met profetiese uitspraak oor hongersnood wat oor die hele wêreld sou kom. Hulle geloof en gehoorsaamheid word getoets. Hoe gaan hulle reageer?

Hulle het “besluit” (v 29)

Hierdie besluit van die gemeente wys dat hulle nou toegeruste, lewende liggaam

van Christus is. Die hongersnood gaan hulle ook tref, maar hulle dink nie net aan hulleself nie. Hulle harte reik uit na die medegelowiges in Judea en hulle besluit om hulpfonds bymekaar te maak en dit vir hulle te stuur. So ontvang Judea se gelowiges geestelike vrug om die saad van die Evangelie wat aanvanklik deur hulle al pratende uitgestrooi is.

Samevatting

Dit is alles die werk van God, daarom het geen mens rede om te spog met wie of wat hy is en geword het nie, ook nie die gemeente wat so deur God se genade gegroei het nie.